

**Donderdag 9 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 20**

**Fokusgedeelte: Psalm 20:7 (1933/53-vertaling)**

### **In Christus kan ons elke dag in oorwinning leef**

**P**salm 20 was 'n gebed wat in die tempel vir die koning gebid is net voordat hy saam met sy soldate opgetrek het om te gaan oorlog maak. In afhanklikheid voor God het die volk dus eers na die tempel toe gegaan om te offer en te bid; daarna het hulle gaan veg.

In hierdie gebed was daar spesifiek by die Here gepleit dat Hy hulle koning se gebede sal verhoor en hom sal beskerm (vs 2); dat Hy hom sal help in sy oomblik van nood (vs 3); dat Hy sy offer aanneemlik sal vind (vs 4); dat Hy hulle koning se voornemens sal geluk en sal gee wat hy vra (vs 5-6); dat hulle nie hulle vertrou op die verkeerde goed sal stel nie, maar op die Here (vs 8-9) en dat Hy aan hulle die oorwinning sal gee (vs 6-7). God het Hom immers aan sy volk verbind en Hy sal hulle beskerm (Ps. 46). Daarom is hulle 'n biddende volk wat hulle koning aan die Here opdra.

Wat hierdie Psalm so besonders maak, is dat dit eeue vooruit vertel het van die oorwinning wat Jesus deur sy hele lewe, maar veral op Golgota sou behaal. Daar het Hy die stryd teen die bose aangesê en oorwin. Daarna het Hy na die hemel opgevaar om as Koning oor alles en almal te regeer, veral sy kerk. Hiermee was Jesus werklik die Een van wie vers 7 praat: *“Nou weet ek dat die Here sy gesalfde sal verlos; Hy sal Hom verhoor uit sy heilige hemel met magtige dade van verlossing van sy regterhand.”*

In die opsig is Psalm 20 'n groot troos, want al leef ons in 'n wêreld waarin dit lyk of die bose regeer en of alles buite beheer is ... Jesus bly altyd in beheer. Hy regeer! Verder voer ons nie 'n verlore stryd teen die sonde, probleme, krisis of verslawings in ons lewe nie. In Christus *kan* ons dit oorwin (Rom. 8:37). Laastens is ons nie alleen nie: God het vir ons sy Gees gegee. Hy help ons deurdat Hy ons optel wanneer ons nie meer kan nie. Hy lei ons wanneer ons nie meer weet waarheen nie. Hy voorsien wanneer ons nie weet van waar nie. Hy help wanneer ons nie mooi weet hoe nie. Mag ons daarom elke dag 'n oorwinningslewe tot eer van die Here leef.

*Sing: Psalm 20-1:1-4*

*Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)*